

Musiek en Die Kleinspan.

Deur JOH. LUIJT.

DIS die oortuiging van opvoedkundiges dat, as ons die goeie musiek weer tot waardering wil bring soos dié gewees het voor Jazz, Blues, Rags in die wêreld gekom het, ons by die kinders 'n poging moet aanwend: nie by volwassenes nie; hul is nie te bekeer nie as hul eenmaal onder die invloed van die modiese musiek staan, vir watter doel die organiseerders, arrangeerders en publiseerders so baie verskaf. Is daar nie inspirasie vir nuwe musiek nie, dan neem hulle Chopin of Beethoven se musiek, versinkopeer en ver-rag dit, en hulle maak daarmee geld, geld, geld. Tog word dit geag maar die beste te wees om die mense hul smaak vir dié soort vir die oomblik te laat behou en hulle nie te sê dat hulle s-naak sleg is nie, want om hul wat so lief vir dié soort musiek is, te vertel dat alleen Bach, Haydn, Mozart, goeie musiek gekomponeer het, kan ons niks bereik nie.

As ons by kinders waardering vir musiek wil opwek, dan moet ons tog veral nie ons eie neiging laat geld nie, maar ons moet rekening hou met die kind in hoever sy oor vir musiek ontwikkel is. Kinders het 'n natuurlike liefde vir leer. Om nou die kind langsaam daarheen te lei dat die musiek-halfuurtjie 'n afleiding word in hul daaglikse sleur, is 'n skone taak. Ons moet egter nie vergeet nie dat die gees van die tyd vir amusement vra: nie vir ernstige kuns nie. Hy of sy wat die kinders musiek kan bybring soos die kind dit hoor en soos die kind dit verstaan, sal die beste slaag. Die grammofoon het bykans die perfeksie bereik om die musiek wat opgeneem is, weer te gee, en kan daarom goeie dienste bewys. Die bewondering en waardering vir 'n saak groei as die kennis groei. Die kind sal die meeste ge-

tref word deur musiek waarvan 'n verhaaltjie kan vertel word. Daar is ook baie liedjies—eenvoudige liedjies wat 'n klein verhaaltjie het. En die kleinspan luister dan met baie aandag.

Op die oomblik maak die Kaapse Orkes 'n kunsreis deur die Kaapprovinsie en gee op baie plekke konserte uitsluitend vir die kinders. Mnr. W. J. Pickerill, die dirigent, gee 'n verklaring van die stuk wat gespeel sal word; hy vertel van die instrumente wat in die Orkes bespeel word, laat dié aan hulle sien en hoor. Wanneer hulle die stuk hoor speel, probeer hulle die klank van die instrumente herken, en hul aandag word aan die gang gehou. 'n Humoristiese stuk gespeel (want daar is baie humoristiese musiek), 'n grap daarby vertel—en die saak is gewonne.

Dis nog nie so lank gelede nie dat 'n persoon die voorstel gedoen het om 'n klub te vorm van vèrgevorderde, geesdriftige musikstudente met die doel om konserte vir die kinders te gee, waar slegs baie eenvoudige musiek met mooi wysies uitgevoer sou word, en dan op ieder konsert vyf minute af te sonder om iets te vertel uit die persoonlike lewe van groot komponiste, voorlopig sonder om hulle musiek aan te raak—'n mooi voorstel. Maar die moeilikheid is weer om 'n geskikte saal vir die konserte te kan kry, en die afstand van die een plek tot die ander is te groot om die onkoste te kan dek, want die toegangsprys mag nie meer as 6d. per kind bedra nie.

Op baie skole word reeds veel gedoen in hierdie opsig deur geesdriftige leraars en leraresse. Hulle het die taak vrywillig op hulle geneem en hulle sien die moeite met die beste uitslag bekroon. Die leraars en leraresse sal ons kan vertel hoe die kinders na die musiek-halfuurtjie verlang en hoe die kleinspan die musiek gretig in hulle opneem. Maar dit moet nie bo hul begrip gaan nie.

DIE INVLOED VAN KOMPETIESIES.

Die verskillende kompetesies van 'n Eisteddfod kan baie invloed hê, ten eerste op die gehoor, ten tweede, op die deelnemers, ten derde, op leraars en leraresse. Wat die gehoor betref, dit bestaan grotendeels uit vriende van die deelnemers. Amper al die mense wat kom luister, ken 'n deel van die musiek of van die voordragte, en hulle volg al die punte met die grootste aandag. Dit maak hulle goeie luisteraars.

Die deelnemers word aangespoor, omdat hulle hul eie uitvoering met dié van ander deelnemers kan vergelyk. Hulle vind hul eie swak punte, en hulle is waarskynlik ook geregverdig om te dink dat hul in enkele opsigte beter gedoen het as die prysweners. Die verpliggende musiek en voordragte gee vir hulle 'n vasgestelde taak. Nou kan hulle die musiek- of literêre voordragte nie onverskillig behandel nie: dit moet nou alles tot in die puntjies afgestudeer word, wat baie bevorderlik is vir die tegniek en vir die vertolking. Om op 'n Eisteddfod te sing of te resiteer is heeltemal iets anders as om 'n eksamen af te lê waarby maar net die eksaminator aanwesig is. Op die Eisteddfod is die vriende en leraars teenwoordig; hulle

(*Vervolg op bladsy 53.*)

moet beter doen as die ander deelnemers in dieselfde klas en maar nie slegs 'n seker aantal punte behaal soos vir 'n eksamen nie. Ook word 'n gees ontwikkel van verdraagsaamheid as hulle die deelnemers prys wat beter gedoen het as hulle.

Die leraars verwelkom 'n kompetisie, omdat dié hulle in staat stel om meer en beter werk uit hulle studente te kry. As die leerling 'n prys verwerf, verwerf die leraar ook iets vir homself. Sy pols klop vinniger as gewoonlik, en die moeite wat hy hom getroos het met ekstra werk, word nou beloon.

Die groot verdienste van 'n Eisteddfod lê ook daarin dat die onderwyselement saamwerk. Of

Musiek en Die Kleinspan.

(Vervolg van bladsy 43.)

hulle belang stel in solowerk, koor, orkes, voordrag of toneelspel, hulle tree eendragtig op.

As nie elke jaar die groot struikelblok in ons weg gelê word as ons die voorgeskrewe musiek wil kry nie, sal die sukses van 'n Eisteddfod nog groter wees. Gewoonlik moet die musiek by die plaaslike musiekhandelaars bestel word. Die

tyd van bestelling tot aflewering word bereken op ses weke. Meestal besluit die deelnemers, vernaamlik kore, 'n paar weke voor die kompetisie om deel te neem. Dis te laat om die musiek te bestel, en hulle neem hulle voor om te wag tot die volgende jaar—om dan weer te laat te wees.

Gert: „Dirk, jong, kan jy my sê hoekom sommige advokate K.C. agter hul name sit?”

Dirk: „Weet jy dan nie dat ons in 'n tweetalige land woon en dat K.C., Kontant—Cash' beteken nie?”